

8 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 122:1-9
Fokusgedeelte: Psalm 122:7-9

Gebed om in vrede te lewe

In Psalm 122 lees ons uitdruklik dat Dawid vir ons daarop wys dat ons vir vrede moet bid (vs 6). Om die waarheid te sê, hy bid self vir vrede en vra drie keer vir die Here om vrede te gee:

- n vers 6 vra hy dat God vir Jerusalem vrede moet gee. I
- n vers 7 versoek hy dat daar in die huisgesin vrede moet wees. I
- aastens bid hy in vers 8 dat daar vrede in die kerk en tussen vriende moet wees. L

Vrede is baie belangrik, want Jesus is vrede (Ef. 2:14) en daarom is dit sy wil dat daar vrede tussen mense moet wees (Matt. 5:9).

Wat is vrede? Vrede is seker baie dinge, maar in die konteks van dié Psalm beteken dit dat dit tussen mense goed sal gaan, wat ook inhou dat daar 'n bepaalde rustigheid of kalmte tussen mense sal wees (vs 7, 9). Die oproep van hierdie Psalm is dat jy nie net sal bid vir vrede nie, maar dat jy dit ook doelbewus sal soek en bewerk. God wil dat jy vrede bewerk in jou dorp (Jerusalem), in jou huisgesin, in jou kerk (my broers) en in jou vriendekring.

Hoe bewerk 'n mens vrede? Natuurlik deur gebed. Maar saam met gebed wys Paulus ons daarop dat jy nie net aan jou eie belange moet dink nie, maar ook aan dié van ander (Fil. 2:4). Wanneer jy dít regkry, sal dit goed gaan tussen mense en sal daar 'n bepaalde rustigheid ontstaan.

Aan wie se belange kan jy vandag dink en aandag gee ('n getuie wees), wat in die lewe van so 'n persoon (dalk 'n ongelowige) kan lei tot vrede en 'n besondere ervaring van God?

Sing: Psalm 122:2 (1936)

Dr. AL Rheeder (Wesrand)